OVS VETERAAN MOTORKLUB

2014 SOMERTOER

‘n Besoek aan Pierré en Lydia Maartens se plaas op Reddersburg

Die besoek het plaasgevind op Saterdag, 25 Januarie 2014. Ongeveer twaalf motors het deelgeneem, met Louis Coetzer se twee pragtige Chevrolets, ‘n 1959 El Camino en ‘n 1960 Impala Convertible, iets besonders.

Die toer gedeelte is gewen deur Hennie en Helena van der Walt met ‘n 1967 Sunbeam Rapier, gevolg deur Fanie en Marietjie van Rensburg met ‘n 1953 MG TC.

Daar was ook die gebruiklike brekasies, met Johan Ackerman en Jimmy McDonald wat sonder vuur gaan staan het in Pierré se 1958 MGA, en Jan en Judy Hugo se 1948 Citroën wat warm geword het, en Johan Prinsloo se 1933 Chev Phaeton wat nie met vyf liter petrol Bloem kon haal nie.

Dankie aan almal wat Pierré en Lydia se moeite en gasvryheid geniet het, en lekker gekuier het.

-Philip Heyns-